Die Bond van Voortrekkers

Hierdie oproep word veral gerig aan ALLE oud-Voortrekkers, oud of jonk, wat nie tans aan 'n kommando verbonde is nie. Die probleem is dat ons nie met hulle kontak het nie en daarom wil ons u hulp vra om ons te help met die oplos van die saak. Ons vra dat u asb besonderhede van alle oud-Voortrekkers aan ons deurstuur en ons sal die inligting op ons databank inlees. Die hoofdoel is om die Voortrekkerbond uit te brei deur jaarliks (of meer dikwels) 'n bymekaarkom te reel waar ou kennise weer verstewig kan word. Die doel is NIE om lede finansieël te belas nie maar om wel 'n talentlys by te hou waarmee oud lede by geleentheid in kommandos kan help. Die volgende byeenkoms sal vroeg 2010 by die Voortrekkermonument op 'n Saterdagoggend plaasvind. By elke byeenkoms sal daar iets vir die hart, iets vir die hand en iets vir die hoof aangebied word. Ons dink ook daaraan om oud-lede deur middel van HOU KOERS op hoogte te hou van wat alles deesdae in die Voortrekkers gedoen word.

Wat moet u mee help? Maak sommer BAIE fotostate van die vraelysie hieronder, vul hulle in, al het u nie AL die besonderhede nie en stuur dit na die Voortrekker hoofkantoor. Aangesien e-pos die goedkoopste en vinnigste is, is dit die beste metode, maar telefoon en slakkepos sal ook help.

Wie kwalifiseer? Alle volwassenes wat nie meer aktief in 'n kommando is nie. Dink gerus aan jou spanmaats, jou skoolmaats, jou vriende, jou spanne wat al uit die skool is, gaan deur die kommandorekords en stuur soveel moontlik name deur. Maak afskrifte hiervan en versprei dit binne jou werkkring en gemeenskap.

Wat ons wil hê is die volgende:

Voornaam.....Van.....

Noemnaam.....E-posadres.....

Selfoon.....Landlyn.....

Posadres.....

.....

Vul sommer VANDAG in en stuur aan, voor dit vergeet word en stof versamel:

Die Voortrekkers, Posbus 12015, Queenswood, 0121.
OF nog beter: e-pos; hkvoort@iafrica.com
Vir enige navra:
Sinta Robbertse- Tel: 012 329 6011
- Fax: 086 613 9913